

# POFSTEEK-PONCHO'TJIE

foto FRANCO CARDINI  
stilering HENRIETTA BRAND



**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 4 bolle Frolic DK (50-g-bolle); hekelpen van 5 mm; stel van vier twee-punt-breinaalde, 3,50 mm of 3,75 mm dik.

**MATE:** Ongeveer 29 cm breed in middel, halsstrook bygetel; om 'n kleuter van 2-3 jaar oud te pas.

**SPANNING:** 7 pofsteke in breedte en 8 rye in lengte = 10 x 10 cm.

**AFKORTINGS:** **Hekel:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek (steke); herh - herhaal; goh - garing oor hekelpen; pofst - pofsteek (= \* goh, steek pen in volgende steek en trek 'n lus uit, goh en trek deur 2 lusse; herhaal van \* 2 keer in dieselfde steek, goh en trek deur 4 lusse); sp(s) - spasie(spasies); gs - glipsteek; hlb - halflangbeen; hpofst - halwe pofsteek (= herh van \* slegs een keer, goh en trek deur 3 lusse); **Brei:** rif - riflesteek (= een regs, een aweregs); vlg - volgende.

**AANWYSINGS:** Met 5-mm-hekelpen hekel 70 ks en sluit met gs tot 'n ring.

**Basisronde:** 2 ks vir 1e kb; 1 kb in elk van vlg 34 ks, 2 ks, 1 kb in elk van daaropvlg 35 ks, 2 ks, gs in bopunt van 2 begin-ks.

**1e ronde:** 3 ks vir 1e lb, hpofst in dieselfde steek, \* 1 ks, slaan vlg kb oor, 1 pofst in vlg kb \*; herh van \* tot \* 15 keer, 1 ks, slaan vlg kb oor, 2 pofste in 2-ks-sp — middel voor — herh van \* tot \* 17 keer, 1 ks, slaan vlg kb oor, 2 pofste in 2-ks-sp — middel agter — 1 ks, gs in bopunt van 3 ks.

**2e ronde:** 3 ks vir 1e lb, hpofst in dieselfde steek, \* 1 ks, 1 pofst in vlg ks-sp \*; herh van \* tot \* tot middel voor, 1 ks, 2 pofste in middel tussen vlg 2 pofste, herh van \* tot \* tot middel agter, 1 ks, 2 pofste in middel tussen vlg 2 pofste, 1 ks, gs in bopunt van 3 begin-ks.

Herh laaste ry 16 keer en heg af.

**HALSSTROOK:** Met stel van vier 3,50-mm-breinaalde tel op en brei 108 ste rondom halsrand. Brei 20 rye rif; heg af in rif. Pars volgens aanwysings op papierverpakking. Vou halsstrook na binnekant om en glipsteek vas. Knip garing in stukke van 15 cm lank en knoop fraings daarmee in elke spasie tussen pofsteke rondom onderste rand. Knip fraings gelyk.

